BYLAE

| *Beskrywing van grond* | *Grootte* | *Geregistreerde eienaar* |
|---|---|---|
| Gedeelte van die plaas Waterval 168 JT, distrik Pelgrimsrus, myndistrik Barberton, provinsie Transvaal | 389,189 hektaar | Republiek van Suid-Afrika. |

18/3/1/213

No. 1332 4 Augustus 1972

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk grond kragtens myntitel gehou, ongeveer 1,070 7 hektaar groot, geleë op die plaas Klipriviersberg 106 IR, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Corlett Drive Estates Ltd, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R54/71 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkomissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

19/5/1/162

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1336 4 Augustus 1972

VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom bekend as Mayville, in Swellendam, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die hele eiendom bekend as Mayville, dit wil sê die erf waarop die historiese gebou geleë is sowel as die aangrensende erf, en beskryf as sekere stuk grond geleë in die munisipaliteit en afdeling Swellendam, synde Mayville, wat die deel van die Drosdy vorm (nou bekend as die restant van Erf 1126, Swellendam).

Groot 3 616 vierkante meter, volgens die Sertifikaat van Resterende Gedeelte 32/1972, wat deur die kantoor van die Landmetergeneraal, Kaapstad, verskaf is.

Transportaktes 6828/1928 en 6829/1928, gedateer 11 Julie 1928.

*Historiese Belang*

Hierdie eiendom is geleë op grond wat oorspronklik deel was van die historiese Drosdykompleks in Swellendam. Die huis is teen 1853 deur die destydse eienaar, Daniël de Bruyn, laat bou.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1337 4 Augustus 1972

VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Ou Tolhuis, geleë in die Montagu-pas naby George, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Ou Tolhuis in die Montagu-pas, geleë op die restant van die plaas Malgaskraal, geleë in die afdeling George.

SCHEDULE

| *Description of land* | *Extent* | *Registered owner* |
|---|---|---|
| Portion of the farm Waterval 168 JT, District of Pilgrim's Rest, Mining District of Barberton, Province of the Transvaal | 389,189 hectares | Republic of South Africa. |

18/3/1/213

No. 1332 4 August 1972

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of land held under mining title, approximately 1,070 7 hectares in extent, situate on the farm Klipriviersberg 106 IR, District of Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, registered in the name of Corlett Drive Estates Ltd, and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT R54/71.

19/5/1/162

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1336 4 August 1972

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

Under section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property known as Mayville, in Swellendam, to be a national monument.

*Description*

The whole property known as Mayville, that is the plot on which the historical building is situated as well as the adjoining plot, and described as certain land situate in the Municipality and Division of Swellendam, being Mayville, forming part of the Drostdy (now known as the remainder of Erf 1126, Swellendam).

Measuring 3 616 square metres, according to the Certificate of Remaining Extent 32/1972, issued by the office of the Surveyor-General, Cape Town.

Deeds of Transfer 6828/1928 and 6829/1928, dated 11 July 1928.

*Historical Interest*

This property is situated on land which originally formed part of the historical Drostdy complex in Swellendam. The house was built about 1853 for the owner, Daniël de Bruyn.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 1337 4 August 1972

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the Old Tollhouse, situated in the Montagu Pass near George, to be a national monument.

*Description*

The historic Old Tollhouse in the Montagu Pass, situate on the Remainder of the farm Malgaskraal, situated in the Division of George.